



Begrip vir die lewenskonteks van mense as 'n vereiste vir pastorale begeleiding

B. Reinder Kingma & George A. Lotter
Skool vir Kerkwetenskappe
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM
E-pos: kwsgal@puknet.puk.ac.za
reinder@lantic.net

Abstract

Understanding the life context of people as a prerequisite for pastoral guidance

In this article the importance of the context in which contemporary people live is discussed. Megatrends like internationalism, the search for sense in life, secularism, paradigm changes associated with postmodernism and the African context are discussed. The South African context is also discussed regarding issues like transformation, the morality crisis, change in systems of faith, pressure on families, violence and crime, withdrawal from public life, joblessness, poverty, a new culture of human rights and a need for a work ethic. The value of understanding the life context of people is discussed in order to guide them to serve Christ.

1. Inleiding

Die doelwit van hierdie artikel is om aan te toon hoe belangrik insig in en kennis van die lewenskonteks van mense vir hulle pastorale begeleiding is. Dit word gedoen aan die hand van die bespreking van megatendense (waaronder internasionalisme, soek na sin en betekenis, sekularisme en veranderde denkwyses soos postmodernisme). Ook die Afrika-konteks word betrek in die bespreking. Verder kom die Suid-Afrikaanse konteks aan die beurt met aspekte soos transformasie, die moraliteitskrisis, verandering in die geloofsisteem, druk op die gesin, geweld en misdaad, onttrekking van die openbare lewe, werkloosheid en armoede, menseregte en 'n behoefté aan 'n geldige werksetiek. Ten slotte word die waarde van en begrip vir die lewenskonteks van lidmate met betrekking tot die pastorale begeleiding in hulle dienswerk as Christene aangetoon. Sekere rigtinggewende gevolgtrekkings word ook gemaak.

2. Die lewenskonteks van die hedendaagse mens

Vir die effektiewe pastorale begeleiding van mense in hulle dienswerk moet nie alleen rekening gehou word met Skriftuurlike beginsels nie, maar ook met die konteks van die lidmaat wat begelei word. Hulle word onteenseglik beïnvloed deur die tyd en omstandighede waarin hulle leef (vgl. byvoorbeeld Vorster, 1993:1 en Le Roux, 2001:87). Hierdie lewenskonteks moet raakgesien, ernstig geneem en hanteer word (Kingma, 2000:54). Op Skriftuurlike wyse en op grond van beginseldenke moet daaroor riglyne gegee word met die oog op hul pastorale begeleiding (Kingma, 2000:128). Volgens Birtwistle (2002:1) is die reformatoriese benadering uitnemend geskik daarvoor: “Reformational philosophy is well equipped to influence contemporary culture positively. It has a long tradition of critique on modernism and much valuable insight in the shortcomings of humanism.”

2.1 Megatendense

2.1.1 Internasionalisme

Suid-Afrika is blootgestel aan groeiende internasionalisme. Vinnige lugverkeer, internationale handel en inligtingstelsels (bv. satelliettelevisie, internet) stel die mens toenemend bloot aan wêreldwyse ontwikkelinge en veranderinge in kennis, tegnologie, kultuur en waardes (Boshoff, 1995:2-3; Burger, 1999:132). Die wêreld begin in ons woonplekke te leef; die wêreld word een groot “global village” (vgl. Edgar, 1995:363). Hierdie internasionalisme met sy blootstelling aan mega-tendense veroorsaak volgens Vorster (1993:3) as teenreaksie die opkoms van nuwe vorme van fanaticisme en fundamentalisme op politieke, kulturele en kerklike terrein. Dit bring konflik in menseverhoudinge waarin die kerk sy lidmate toenemend sal moet begelei.

2.1.2 Soeke na sin en betekenis

Die mislukking van ordes, -ismes en stelsels en die verlies aan vertroue in die vermoë van die wetenskap en tegnologie om wêreldprobleme op te los, manifesteer volgens Boshoff in 'n wêreldwyse soeke na sin en betekenis. Verskynsels wat hiermee gepaard gaan en wat ons ook in Suid-Afrika te wagte kan wees, is volgens Boshoff (1995:3) die volgende:

- Die verdieping van persoonlike lewe en ervarings, veral ten opsigte van die godsdiens;
- neo-spiritualistiese praktyke (meditasie, kunste, yoga, ens.);
- fundamentalisme, veral ten opsigte van godsdiens en waardes;

- groei in universele waardes soos familie, kinders, natuur/ekologie, ens.;
- groei in die behoefte aan egtheid in verhoudings, produkte en ervarings;
- groei in doen-dit-self-waardes, die neem van beheer oor jou eie lewe binne 'n holistiese netwerk van deel wees van die totale mensheid en samelewing;
- groei in 'n nuwe verbruikerskultuur gebou op waarde vir geld, meer eenvoud en intrinsieke waarde van produkte;
- 'n soeke na geluk en satisfaksie buite die uiterlike, die stelsel en strukture.

2.1.3 Sekularisasie

Van der Walt (1999:125) vestig die aandag op belangrike navorsing wat gedoen is oor die invloed van sekularisasie op reformatoriese kerke in verskillende wêrelddele en kom tot die volgende algemene gevolgtrekking ten opsigte van die konfrontasie met sekularisme: hoewel daar op institutionele of organisatoriese vlak grootskaalse sekularisering plaasgevind het, het dit nie op individuele en persoonlike vlak gebeur nie. Kerke het byvoorbeeld hulle greep op lidmate en hulle invloed op die wyere samelewing verloor of dit het drasties afgeneem (vgl. in dié verband ook De Jong, 2001:237). Volgens Smit (1996:195) lê die "... wesentlike van sekularisasie (nie) sosier daarin dat (die bestaan of belangrikheid van) God ontken word nie, maar dat (die bestaan of belangrikheid van) God verban word na die *innerlike en die private sfeer*" (ons kursivering – BRK & GAL). Op individuele vlak is daar egter baie voorbeeld van geloofsvernuwing en kreatiwiteit om relevant te wees binne 'n nuwe konteks.

Van der Walt (1999:128) oordeel dat nuwe, positiewe, duidelike Christelike norme vir die persoonlike lewe nie voldoende is nie. Nuwe, duidelike waardes is ook nodig om as Christene op die breë terrein van die samelewing (ekonomiese, politiek, onderwys, kultuur ens.) te lewe. Die kerk staan dus voor die uitdaging om nie 'n piëtistiese godsdiens-belewing te kweek nie, maar gelowiges toe te rus om sonder beskerming (bv. deur 'n owerheid) voluit as Christene te leef op alle lewensterreine (vgl. Vorster, 1993:5; Boshoff, 1995:33, 34, 41-42; Hendriks, 1997:27-38; Nel, 1998:74).

2.1.4 Veranderende denkwyse

Daar bestaan redelike eenstemmigheid dat die Westerse beskawing tans 'n paradigmaverskuiwing *in sy wyse van denke beleef*. Moderniteit met

sy klem op die rede is besig om vervang te word met 'n nuwe lewens- en wêreldbeskouing en siening van die gemeenskap, kultuur, godsdiens en wetenskap. In 'n rigtinggewende artikel getitel "The kingdom of God and modern society" gee De Jong (2001:236) 'n analise van hierdie denkwyse onder die opschrift "Features of modern society" en gee vervolgens pylers waarop die kerk die koninkryk van God kan laat kom.

Hierdie nuwe denkrigting staan in die algemeen bekend as die postmodernisme (Burger, 1999:133; Vorster, 1999a:104) en word soos volg deur Hart (2001:8) beskryf: "Postmodernism seems to mean anything, everything, and nothing depending on whom you read!" Postmodernisme is in sy (haar?) wese ondefinieerbaar, maar het tog sekere merkers: wantroue teen vaste waarhede (wat die "groot stories" kan insluit), afwysing van die rede as finale grond van alles, relativering van alles, agterdog en 'n verskeidenheid ander kenmerke (vgl. Moreland, 2001:13-15 asook die latere verwysing na Olthuis, 1999:144 wat in 2.1.4.2 hieronder behandel word.)

Thompson (2000:1) gee 'n beskrywing van hierdie ontwikkeling:

Postmodern as a term, first appeared in the 1930s to describe a theoretical and aesthetic movement, reacting against the high modernism in art and literature. However, its influence in the 1970s and 1980s later spilt over into the broader cultural, political, philosophical, and religious arenas. The two nouns commonly used to describe the postmodern are *postmodernity* and *postmodernism*. Although they are closely related, nevertheless, they can be distinguished. Postmodernity refers to the period while postmodernism refers to the philosophy of that period.

In Suid-Afrika is ook 'n groeiende postmoderne bewussyn waarneembaar (Prins, 1997:47) wat Du Toit (2000:59) goed tipeer: "Die nuwe Suid-Afrika is onherroeplik in 'n volgende tydgees waarvan ons nie kan ontsnap nie, aangesien ons *keuseloos* deel is van die postmoderne tyd" (ons kursivering – BRK & GAL). Volgens Nel (1998:48) is hierdie tyd eerder 'n "... vreemde mengsel van voor-moderne, moderne en postmoderne lewensfilosofieë". Neutjens (2000:333) spel die rol van die Christen binne die postmodernisme duidelik uit:

De verantwoordelijkheid van de christenen is bijzonder groot. Indien ze het zout der aarde willen blijven, moeten ze bij elke cultuurvernieuwing steeds angstloos op zoek gaan naar wat zich als beloftevol aandient. Zij hebben de plicht hun bijdrage te leveren opdat alle historische wendingen vanuit een positiefmenschelijke grondhouding zouden gebeuren.

Duvenage (1999:26)oordeel selfs dat Afrika-denke ook nog 'n belangrike rol speel in Suid-Afrika. Gesien die kompleksiteit van ons Suid-Afrikaanse gemeenskap word die belangrikste kenmerke van pre-moderniteit, moderniteit, postmoderniteit en Afrika-denke vervolgens aangetoon.

2.1.4.1 Premodernisme

Hierdie paradigma word gekenmerk deur die dominansie van die metafisiese (Vorster, 1999b:10) wat 'n kerksentriese samelewing tot gevolg gehad het. Godsdienst en politiek, kerk en kultuur het in mekaar opgegaan (Beukes, 1997:673).

Tydens die Renaissance is hierdie dominansie van die metafisiese bevraagteken en dit het uitgemond in die Verligting wat die rede tot grondmotief vir die menslike lewe gestel het. Hierdie denkrigting het aanleiding gegee tot die modernisme. Volgens Spykman (1992:26) is God en die openbaring van God vervang deur menslike rede: "Question marks were placed on God's side and exclamation marks on man's side. Increasingly the centre of gravity ... drifted from God to man."

2.1.4.2 Modernisme

Die modernisme gaan uit van 'n rasionele benadering tot die werklikheid (Vorster, 1993:6; Vergeer, 1999:13). Grentz (1997:150) beskryf die invloed van die Verligting op die modernisme soos volg: "The way Christians think about God, themselves and the world was *permanently and irretrievably altered by an era in Western intellectual history commonly known as the Enlightenment*" (ons kursivering – BRK & GAL).

Die modernisme vertoon veral die volgende kenmerke:

- Die beklemtoning van die individu teenoor die gemeenskap (Nel, 1998:47; Duvenage, 1999:26).
- Die menslike verstand word die toetssteen vir waarheid (Nel, 1998:47; Duvenage, 1999:26).
- Mensgesentreerde denke is belangriker as religieuse waardes, selfs tot die mate dat Skrifwaarhede bevraagteken en gekritiseer word (Duvenage, 1999:26; Vorster, 1999b:11).
- Feite word bo waardes in die wetenskap beklemtoon (Duvenage, 1999:26).
- Wetenskap en tegnologie bloei op (Vorster, 1999b:11).
- Sekularisasie en godloosheid neem toe (Vorster, 1999b:11).

Die modernisme is stelselmatig vervang deur 'n nuwe lewens- en wêreldbeskouing en siening van die wetenskap, kultuur, godsdiens en wetenskap. Die nuwe orde staan algemeen bekend as die postmodernisme.

Olthuis (1999:144) gee 'n omvattende lys van verskille tussen die modernisme en postmodernisme wat binne 'n oogopslag aandui hoe diepgaande die verskille is en hoeveel fasette geraak word (dit word direk uit Engels aangehaal om sy eie nuansering daarvan te behou):

Modernism	Postmodernism
confidence in Reason (and Science) as Way to Truth and Happiness	distrust in Reason (and Science) as the Way to Truth and Happiness
modernism privileges	in reaction to resulting imbalances, postmodernism emphasizes
'the real is logical'	'life is more than logic'
universality	particularity
iron-clad arguments	no knock-down arguments
closure	open-ended
clarity	ambiguity
univocal	equivocal
unity	multiplicity
autonomy	interdependence
uniformity	diversity
sameness	difference
homogeneity	heterogeneity
totality	partiality
wholes	fragments
stability	change
safety	risk
progress	discrimination/oppression
presence	absence
control	flow/attunement
mastery	mutuality
power-over	power-with
neutrality	prejudice
timelessness	timed
genderless (read: male)	gendered
equality	uniqueness
sameness	otherness

center	margins
system	positions
public/private	continuum
essence	relational
identity	difference
cohesion	dispersion
mind	body
rational	emotional
systematic	eclectic
law	justice beyond law
continuity	discontinuity
patterns	ruptures
predictability	unpredictability/surprise
what we know	what is unknown
what is seen	what is unseen
representable	un-representable
answers	questions
faith is illogical	faith goes beyond knowledge
master story	stories
truth	truths

2.1.4.3 Postmodernisme

Die postmodernisme wat in die tweede helfte van die 20ste eeu beslag begin kry het, verset hom teen die mag van die rede, wetenskap en tegnologie en die groot super-sosiale strukture wat dit tot gevolg het (Vorster, 1999a:104). Die volgende kenmerke van die postmodernisme kan onderskei word:

2.1.4.3.1 Kenmerke van die postmodernisme

Veranderde rasionaliteit

Waar die menslike rede die dominante faktor tydens die modernisme was, speel ander faktore soos menslike ervaring, gevoel, geloof en spiritualiteit ook 'n rol in die proses van ken en verstaan (Prins, 1997:39; Vorster, 1999b:11). Die belangrikheid van voorveronderstellings in menslike denke word erken, maar daardie voorveronderstellings impliseer nie noodwendig die teenwoordigheid van God nie. Soos Carson (1997:2) dit stel:

Now epistemology is not based on the assumption of a God who is omniscient such that our human knowledge is invariably some subset of His exhaustive knowledge. Rather, knowledge is being built on what is

judged independent, self-evident truth, an independent axiom that does not need God.

Affektiwiteit

'n Groeiende behoefte aan affektiwiteit dit wil sê 'n soeke na emosionele warmte en geborgenheid is ook waarneembaar, besonderlik by die jeug. Volgens Hart (2001:45) moet betrokkenheid "... experiential, not just cognitive," wees om postmoderne mense te bereik; hulle wil dinge *beleef* en ervaar in hulle diepste wese. Hierdie aspek kry besondere toespitsing in hulle geloofslewe en is 'n tendens wat die kerk reg moet bestuur sodat nie te veel aksent op ervaring gelê word nie (Prins, 1997:39).

Diversiteit en pluralisme

By die postmoderne mens het vaste sekerhede plek gemaak vir 'n verskeidenheid. Daar is hartgrondige wantroue in dogmas en sisteme – ook in godsdiensstige waarhede wat ewig vas sou wees. 'n Verskeidenheid (pluraliteit) van waarhede, etiese reëls en perspektiewe word erken en kan tegelykertyd geldig wees (Prins, 1997:40; Duvenage, 1999:27; Vorster, 1999b:11). In die maak van keuses ag die jeug hulle vandag nie meer gebonde aan tradisies of gebruikte van vorige geslagte nie. Hulle beskou hulle vry om 'n keuse te maak tussen baie opsies wat om hulle aandag meeding (Prins, 1997:40).

Spiritualiteit

Spiritualiteit en godsdiens is vir die postmoderne mens belangrik omdat dit erken word as die diepste essensie van menswees. Hierdeur word daar wegbeweeg van sekularisasie en godloosheid wat die modernisme kenmerk (Vorster, 1999b:11). Dit beteken egter nie 'n groter vertikale gerigtheid op God self nie, maar behels eerder 'n horisontale soeke na mistieke ervarings met dit wat verstaan word as die ware realiteit agter die gewone lewe (Prins, 1997:42, vgl. ook Lotter, 2001:10). Daar word selfs *nuut* oor God gedink – in die woorde van Veith (1994:214): "The new model reflects a number of postmodernist tenets: downplay of absolutes; distrust of transcendence; preference for 'dynamic change' over 'static truth' ... [and] the downplay of God's authority over us." Hierdie nuut-gevonde spiritualiteit open ook die moontlikheid vir okkulte bedrywighede (Runia, 1994:313).

Verdraagsaamheid en relativisme

Relativisme veroorsaak 'n groot verdraagsaamheid teenoor ander godsdiens (Raubenheimer, 1997:57). 'n Pluralisme van godsdiens en waardes wat almal gelykwaardig is, word erken (Duvenage, 1999:27). Die postmoderne mens sien daarom geen nut in Christelike sending as die verkondiging van die Enigste Lig nie. Hulle beskou dit as 'n

miskenning van 'n ander se reg op 'n eie oortuiging (Vorster, 1993:7). Kroeze (2001:639) gaan selfs so ver as om te weier om byvoorbeeld "Christelik" met 'n hoofletter te skryf en formuleer haar verweer só: "This is done deliberately in order to *demythologise* and to indicate the *relative nature of concepts*" (ons kursivering – BRK & GAL).

Subjektiwiteit

Die "self" word belangrik geag, maar dit behoort nie op 'n modernistiese "vaste" wyse te geskied nie – in die woorde van Bidwell (2001:277): "... postmodernists resist universal statements about humanity and understand the 'self' as an ever-changing social construct". Hiermee saam word die belangrikheid van elkeen se eie verhaal beklemtoon. In plaas van die "groot storie" (*grand narrative*) (vgl. Lyotard, 1984:24), word die mens se *eie* storie nou belangrik en moet daarna geluister word (Anderson, 1997:137, vgl. ook Connor, 2001:25 & 26).

2.1.4.3.2 Implikasies van die postmodernisme

Die postmodernisme het implikasies wat vir die kerklike bediening van lidmate uiters belangrik is:

- Die feit dat absolute waarhede ontken word, vra vir die verhouding van God se Koningskap en die heil wat slegs deur die geloof in Christus toegeëien kan word (McGrath, 1996:35-50).
- Die nuwe belangstelling in godsdiens en die moderne mens se soeke na die sin van die lewe moet met die evangelie en in bewoënheid hanteer word (Thompson, 2000:109).
- Die opkoms van spiritualiteit stel die kerk voor die uitdaging om ware Christelike spiritualiteit te beklemtoon en uit te bou in die lewe van lidmate (Jonker, 1989:288-299; Boshoff, 1995:36; Vorster, 1996:21; Beukes, 1997:682-684).
- Die behoefte aan affektiwiteit verg dat opregte aandag aan en belangstelling in lidmate en vervreemdes getoon word (Thompson & Lotter, 2001:208).

2.1.4.4 Afrika denk- en leefpatroon

Van der Walt (1997:1 e.v.) wys op die Afrika- denk- en leefpatroon waarmee ons in Suid-Afrika moet rekening hou. Van Niekerk (1998:367-378) pleit dat ons in 'n postmoderne denkklimaat nie Afrika en Afrika se nood en behoeftes durf ignoreer nie.

'n Afrika- denk- en leefpatroon het kenmerkende eienskappe wat ons kan onderskei. Die voorvadergeeste speel so 'n belangrike rol dat voorspoed

en teëspoed van die voorouers verwag word, maar dat dit juis kontraproduktief werk met betrekking tot ekonomiese welvaart (Van Rooy, 1999:247). Die gemeenskap staan sentraal en die enkeling se bestaan en voortbestaan is grootliks afhanklik van die groep of stam. Bestaans-ekonomie waarin dit gaan om oorlewing en nie produksie, is 'n verdere kenmerk .

2.1.4.5 Anti-institutionalisme

Anti-institutionalisme is 'n hedendaagse stroming wat gekant is teen gesag en gesagsvorme. Sogenaamde hoër gesag word nie sonder meer aanvaar nie. Die individu wil hom hierteenoor deur eie gesag en voorkeure laat lei.

Hierdie megatendens manifesteer hom volgens Vorster (1993:8) in die feit dat gesagsinstellinge op ekonomiese, regerings- en bestuursvlakke al meer onder skoot kom. Die kerk is nie hiervan uitgesluit nie. Sinodes en sinodebesluite is vir baie gelowiges van weinig waarde. Hulle aanvaar nie meer dat besluite van "bo" af afgeforseer word nie (Beukes, 1997:671). Ook ampsdraers as gesagsfigure word krities bejeën. Volgens Heitink (1996:30) word daar na hulle verwys as "voorbijgangers", waarmee bedoel word dat hulle funksie aan die verbygaan is. Veral jonger mense verbind hulle nie meer so maklik tot groot organisasies nie en hulle is minder lojaal teenoor die kerk as ouer lidmate (Jackson, 1999:13).

Op kerklike terrein lei anti-institutionalisme tot die ontwikkeling van 'n sogenaamde buitekerklike Christendom. Al meer Christene, veral jongmense sê dat hulle die kerk nie meer nodig het vir opbou in die geloof nie. Hulle wil hulle godsdiens op 'n eie individualistiese wyse beleef soos hulle voel (Vorster, 1993:9). Hierdie neiging word vertolk in 'n *Insig*-artikel met die titel "Ja vir God, nee vir die kerk" (Wiese, 1998:22) en in die slagspreuk "Kerk is uit, maar godsdiens is in" (Raubenheimer, 1997:58).

Die individualisme waarmee anti-institutionalisme gepaard gaan, word egter te ver gevoer deurdat die mens vir homself onbeperkte vryheid opeis. Hy wil seksueel, moreel vry wees om primer te doen wat homself vervul (Vorster, 1993:9).

3. Suid-Afrikaanse konteks

Die Suid-Afrikaanse konteks het sedert 1994 ingrypende veranderinge ondergaan (Raubenheimer, 1997:49) wat ook in die pastorale begeleiding van lidmate verreken moet word.

3.1 Transformasie bring onsekerheid

In 1994 is die politieke mag van die Nasionale Party-regering oorgedra na 'n ANC-beheerde regering wat die meerderheid van die bevolking verteenwoordig. Hierdie oordrag, bevestig deur die uitslae van die 1999-verkiesing, het 'n omvattende transformasieproses in Suid-Afrika ingelui. Alle terreine van die samelewing is daardeur geraak: die ekonomiese, onderwys, welsynsdienste, gesondheidsdienste, veiligheidsmagte, sport en die georganiseerde godsdiens (NGK, 1998:11). Met reg kan gesê word dat die werklikhede in Suid-Afrika vandag almal die boodskap van verandering dra (Raubenheimer, 1997:49).

Enkele voorbeeld van die ingrypende veranderingproses is die volgende (NGK, 1998:11-12):

- Die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP) wat in 1994 beslag gekry het, is 'n geïntegreerde, samehangende sosio-ekonomiese beleidsraamwerk waarin gestreef word om al die mense van ons land te mobiliseer om die gevolge van apartheid finaal uit te wis en 'n demokratiese, nie-rassige en nie-seksistiese toekoms te bou.
- 'n Volwaardige, nie-rassige, liberale demokrasie het beslag gekry. Klem word gelê op die regte van die individu, godsdienstvryheid en 'n duidelike skeiding van die terreine van kerk en staat.
- Verskeie mechanismes is ingestel om die onreg van die verlede reg te stel en versoening in die samelewing te probeer bewerkstellig byvoorbeeld die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK), grondhervervorming, 'n regstellende-aksie-program en die moontlikheid van restitusie (Lotter, 2000:226).

Hierdie transformasieproses veroorsaak volgens Boshoff (1995:34) onder blankes 'n skipbreuk van sekerhede op politieke, ekonomiese, morele en sedelike terrein. Daar is ook 'n intense soeke na 'n eie plek en 'n nuwe identiteit in 'n veranderende samelewing, veral by die Afrikaner-jeug (Raubenheimer, 1997:49-50).

Die taak van die kerk in hierdie opsig kan soos volg omlyn word:

- Die tydlose sekerhede van die Christelike geloof moet beklemtoon word ten opsigte van hedendaagse probleme (Boshoff, 1995:35).
- Ook die jeug moet begelei word om 'n eietydse geloofsidentiteit in die veranderende gemeenskap te vestig (Raubenheimer, 1997:50).
- Versoening en restitusie is twee sake wat die reg behoort te herstel en sal groot klem moet ontvang (Maswanganyi, 1992:26) – ook omdat dit belangrik is vir alle Christene.

3.1.1 Moraliteitskrisis

Die Suid-Afrikaanse samelewing beleef 'n moraliteitskrisis soos nog nooit voorheen in sy geskiedenis nie. Kriminaliteit, geweldpleging, seksuele verwilderding, aborsie op aanvraag, lastering van die naam van die Here en 'n materialistiese lewenstyl is algemene verskynsels in die samelewing. Veral die jeug word met hierdie sekulêre waardes gekonfronteer (vgl. GKSA, 1999:15; Nel, 1998:46).

Kerklike bediening staan in hierdie opsig voor groot uitdagings (GKSA, 1999:15):

- Christelike beginselenke en 'n heilige levenswandel moet by lidmate gevestig word.
- Die profeties-kritiese roeping van kerklidmate teenoor 'n sekulêre staat moet kontekstueel gedefinieer en uitgewerk word.
- Ekumeniese samewerking op die wyds moontlikevlak is noodsaaklik.

3.1.2 Veranderinge in die geloofsisteem

3.1.2.1 Spiritualiteit

Transformasie en die verlies aan sekerheid verhoog die behoefté aan inkeer en 'n verdiepte spiritualiteit. In onseker tye wil mense die teenwoordigheid van God ervaar (Boshoff, 1995:36; Raubenheimer, 1997: 56).

Die kerk staan voor die uitdaging om sy lidmate die Bybelse spiritualiteit in sy gebalanseerde geskakeerdheid te laat ken, te ervaar en te waardeer (Boshoff, 1995:36; Raubenheimer, 1997:57).

3.1.2.2 Gees van verdraagsaamheid

'n Gees van verdraagsaamheid heers teenoor die ander godsdienste in die land. Aan hulle word ook groot prominensie verleen in die media. Die unieke aard van die Christelike geloof en die algenoegsaamheid van die kruis van Christus word deur hierdie resente ontwikkeling onder groot druk geplaas (Boshoff, 1995:35; Raubenheimer, 1997:57).

Lidmate en veral jongmense sal toenemend begelei moet word in hulle geloofskeuse en ondersteun moet word in die uitlewing van hulle getuienis.

3.1.3 Verandering in die kerksisteem

Die Reformatoriese blanke kerke het in Suid-Afrika hulle posisie van mag en bevoorregting verloor (Rabenheimer, 1997:57). Verskillende redes kan hiervoor aangetoon word:

- In die parlement, staatsdiens en verwante strukture het die getalle van nie-Christene en ook Christene van 'n nie-reformatoriese belydenis gestyg (Boshoff, 1995:19).
- Die grondwet, sowel asook die Akte van Menseregte, bepaal dat sake nie volgens 'n bepaalde godsdiens of normstelsel hanteer mag word nie (Boshoff, 1995:19). Dit het die kerk se invloed op wetgewing ingrypend geraak (NGK, 1998:13).
- Daar is 'n konstante daling in die lidmatetal van die Afrikaanse blanke gereformeerde Kerke en die kleurlinglidmate van die gevestigde kerke (Rabenheimer, 1997:57; GKSA, 1999:4).
- By baie lidmate is daar 'n gebrek aan korporatiewe denominasionele bewussyn en 'n swak ontwikkelde kerklike lojaliteit, alhoewel dit nie impliseer dat die Christelike godsdiens sy waarde verloor het nie (Rabenheimer, 1997:57; NGK, 1998:15).
- Morele en leerstellige onsekerheid lei by sommige lidmate tot 'n worsteling oor hulle eie identiteit as gereformeerdes of selfs as Christene (NGK, 1998:16).

Hierdie tendens het die volgende implikasies vir die kerk:

- Die lidmate van die kerk sal toenemend, individueel maar ook georganiseerd, Christelike waardes in die samelewing moet indra en help vestig.
- Lidmate sal op plaaslike regeringsvlak, waar die meeste besluite geneem word, in forums en belangegroepe standpunt moet inneem teen onder andere geweld, korruksie en pornografie (Boshoff, 1995:20). Die uitlewing van hulle profetiese roeping kom hier sterk in fokus.
- In die oop sisteem waar baie wette oor morele en sedelike sake verval het, sal die kerk lidmate moet begelei in leer- én leefsuiwerheid. Die skep van 'n Christelike ethos met klem op Christelike deugde is noodsaaklik (Boshoff, 1995:20).

3.1.4 Druk op gesinsisteem

Verhoogde ekonomiese druk tesame met veranderinge in die waardesisteem en moraliteit ten opsigte van egskeiding, seksualiteit en die

huwelik plaas die huwelik en gesinsisteem tans onder toenemende druk (Raubenheimer, 1997:52). Hierdie tendens het veral 'n negatiewe uitwerking op die jeug (Slabbert *et al.*, 1994:72, 178). Jeugmisdaad en kriminele gedrag staan in direkte verhouding met die degenerasie van die gesinsisteem (Raubenheimer, 1997:53). Die bevordering van 'n gesonde gesinsisteem vir goeie jeugontwikkeling word daarom as 'n hoë prioriteit beskou (Slabbert *et al.*, 1994:178-179) en sal ook steeds die aandag van kerke moet geniet. Smit (2001:603) meld dat "... strenuous lifestyle associated with the dual-earner family may ... have a detrimental effect on marital and familial relationships", en stel dan ook sekere strategieë voor wat die probleme wat ontstaan as gevolg van die druk op die gesinsisteem kan help oplos.

3.1.5 Geweld en misdaad

Geweld begin in Suid-Afrika 'n endemiese aard aanneem. Om die voorkoms daarvan bloot aan politieke redes toe te skryf, is volgens Boshoff naïef, aangesien die verskeie vorme daarvan sedert die 1994-verkiesing nie afgeneem het nie. Ons het grootliks met gewone kriminaliteit te doen wat hom ook al meer in witboordjie- of kantoormisdaad openbaar (Boshoff, 1995:18).

Geweld en misdaad hou die volgende implikasies vir die kerk in (Boshoff, 1995:18):

- Die kerk sal aktief moet meewerk om die idee van die reg in eie hande te wil neem, aktief teen te werk;
- samewerking met ander kerke en die openbare media om geweldkultuur te beveg, sal nagestreef moet word;
- 'n Christelike etos met die klem op Christelike deugde sal aktief bevorder moet word.

3.1.6 Onttrekking aan openbare lewe

Die geweldige veranderinge wat in die Suid-Afrikaanse samelewing voltrek word, veroorsaak by sommige blankes 'n soort herlewing van die laermentaliteit (Boshoff, 1995:6) met die gevolglike onttrekking aan die openbare lewe (NGK, 1998:15). Hulle onttrek hulle van wat in die land gebeur en trek hulle terug in 'n eie private sfeer van suiwer persoonlike verhoudings, belangstellings en godsdiensbeoefening (NGK, 1998:15). In die *Washington Post* skryf die psigoloog Eddie Webster soos aangehaal deur Richard (1999:10) die volgende:

Blankes ervaar 'n psigologiese immigrasie waar hulle 'n kunsmatige en afsonderlike wêreld vir hulself met hulle geld koop. Hulle het

teruggetrek in hul voorstedelike huise, met veiligheidswagte en hoë mure ... blanke vrese is aan die toeneem in die nuwe Suid-Afrika.

Volgens die navorsing van Le Roux (2001:83 e.v.) is daar dikwels een-saamheid – selfs by Christen-jongmense. Hierdie neiging kan ook voorspruit uit wat De Klerk (2000:5) soos volg beskryf:

In die meer algemene sin is Afrikaners donkerkykers. Gewoonlik konserwatief en tradisionalisties. 'n Mens wat as 't ware rugwaarts deur die lewe gaan met sy aggressies, depressie, robbery en isolasie. Beslis is ons nie almal so nie, maar wie Afrikaners ken, sal weet dat baie so is.

Raubenheimer (1997:56) toon op grond van Boshoff (1995:26) se navorsing aan dat 'n hedonistiese lewenstyl met sy klem op welvaart, selfverbetering, individualistiese sekuriteits- en stabiliteitswaardes die dryfveer vir 'n baie groot groep blanke lidmate van reformatoriese kerke geword het. Die belangrikste vraag by hierdie lidmate is nie watter bydrae hulle kan lewer nie, maar watter voordeel sake vir hulle inhou. Op hierdie wyse word dienslewering op die agtergrond geskuif en verruil vir die bevrediging van persoonlike behoeftes.

Vir sy effektiewe roepingsvervulling in Suid-Afrika sal die kerk hierdie neigings onder sy lidmate Skriftuurlik en met pastorale begeleiding moet hanteer (vgl. NGK, 1998:466). Elke lidmaat is steeds in Suid-Afrika geroep tot koninkryksdiens.

3.1.7 Werkloosheid en armoede

Werkloosheid en armoede is steeds die grootste sosiale vraagstuk in Suid-Afrika (GKSA, 1999:15). Alle bevolkingsgroeppe word hierdeur geraak, veral jongmense (Slabbert *et al.*, 1994:128). Dit lei tot frustrasie, stres, woede, gebrek aan sekuriteit en verveling wat op sy beurt weer 'n teelaarde vir jeugmisdaad, geweld, bendeaktiwiteite en marginalisering is (Raubenheimer, 1997:52).

Die kerk sal op 'n eiesoortige wyse by hierdie sosiale vraagstuk betrokke moet raak (Raubenheimer, 1997:52; GKSA, 1999:15). Volgens Heystek (2000:164) sal hierdie vraagstukke alleen "... deur 'n gesindheid van 'saam met mekaar' aangespreek kan word".

3.1.8 Beklemtoning van menseregte

'n Baie hoë premie word geplaas op die wetlike erkenning van mense-regte. Hoewel die beginsel van menseregte Skriftuurlik verantwoord kan word (GKSA, 1985:628-637, 651; Coetzee, 1999:8-10) is die humanistiese inkleding daarvan 'n wesenlike probleem vir die kerke (GKSA,

1999:14). Die kerk sal daarom moet toesien dat menseregte in sy Bybelse betekenis uitgewerk word en 'n kultuur van menseregte op grond van gereformeerde etiese beginsels sodoende beslag kry.

3.1.9 Behoefte aan werksetiek

Binne die reformatoriële werksetiek is die feit dat 'n mens geroep is baie belangrik. Soos Curran (2000:138) dit stel: "All of us are required to use our work as part of the way we serve God within our overall calling as Christians." Nou is dit egter so dat almal nie dieselfde werksetiek handhaaf nie en dat dit 'n probleem vir mense skep ten opsigte van hulle houding en verantwoordelikheid teenoor hul loopbaan.

Suid-Afrika se ekonomiese en die welvaart van alle mense word egter dikwels ernstig aan bande gelê deur swak produktiwiteit, vermorste werksure, 'n oordrewe betalingsug tesame met weinig werkstrots. Die Konvent van gereformeerde Kerke wat op 10 Maart 1999 beslag gekry het, het in hierdie lig nie net die owerhede versoek om produktiwiteit en werksetiek te bevorder nie, maar kerke ook opgeroep om deur prediking en pastorale begeleiding mense tot 'n Skriftuurlike werksetiek te lei (Anon., 1999:43). Ogeke (1998:25) vat die behoefte van Afrika aan werksetiek saam as hy skryf: "'n Werksetiek gebaseer op sulke Bybelse beginsels word dringend benodig en kan help om die Afrika-werksituasie te transformeer tot die algemene welsyn."

4. Gevolgtrekkings

- Die huidige lewenskonteks van die hedendaagse lidmaat stel die kerk van die Here Jesus Christus voor besondere eise en uitdagings waarmee daar in pastorale begeleiding in dienswerk rekening gehou moet word.
- Die tydlose sekerhede van die Christelike geloof moet in die prediking beklemtoon word en 'n eietydse geloofsidentiteit sal veral by jong lidmate gevestig moet word. Christelike beginselen, *koinonia*, 'n heilige lewenswandel en ware Bybelse spiritualiteit sal sterk aksent moet ontvang.
- Met die verminderde invloed van die kerk as instituut, kom die roeping en dienswerk van gelowiges skerp in fokus. Dit moet as uiters positief beoordeel word. Deur die roepingsbewuste en daadwerklike uitlewing van hulle Christenskap op alle lewensterreine en in alle samelewingsverbande moet die kerk en sy lidmate voortgaan om in Suid-Afrika niks anders as die Koninkryk van God te dien nie.
- In die begeleiding van lidmate sal die kerk opnuut aandag moet skenk aan die roepingsbesef van lidmate – en soos nog nooit tevore nie –

hierdie lidmate moet toerus om in die praktyk van hulle lewe dienende Christene te wees.

- Groter ekumeniese samewerking op plaaslike en nasionalevlak sal verdere aandag van kerke moet ontvang sodat hulle ook gesamentlik die lig van die evangelie in en oor alle sake kan laat skyn.
- Pastorale begeleiding van lidmate staan dus voor 'n groot uitdaging om hulle op grond van die Skrif en met herderlike bewoënheid te begelei tot ware diens as Christene in 'n tyd wat daarna roep.

Bibliografie

- ANDERSON, H. 1997. Conversation, language, and possibilities. New York : Basic Books.
- ANON. 1999. Konvent 'n kerkregtelik verankerde gespreksgeleentheid. *Die Kerkblad*, 101(3056):42-43, Maart 24.
- BEUKES, M.J. DU. P. 1997. Kerkleiding in die een en twintigste eeu. *Hervormde Teologiese Studies*, 53 (3):670-690.
- BIDWELL, D.R. 2001. Maturing religious experience and the postmodern self. *Pastoral Psychology*, 49(4): 77-290.
- BIRTWISTLE, G. 2002. A postmodern movement ... Association for Christian Higher Education in Australia (ACHEA). *Lookout*, April 6.
- BOSHOFF, H. 1995. Die kerk in die nuwe Suid-Afrika. Potchefstroom. (Uitgegee deur oueur.)
- BURGER, C. 1999. Gemeentes in die kragveld van die Gees. Stellenbosch : BUVTON in samewerking met Lux Verbi.
- CARSON, D.A. 1997. Evangelising postmodernism. *The Gospel Witness*, 76(2):1-9, April.
- COETZEE, J.C. 1999. Menseregte: Wat sê die Bybel? *Die Kerkblad*, 102(3058):8-10, April. 21.
- CONNOR, S. 2001. Postmodernist culture. An introduction to theories of the contemporary. (2nd edition.) Oxford : Blackwell.
- CURRAN, P. 2000. All the hours God sends? Practical and Biblical help in meeting the demands of work. Leicester : InterVarsity.
- DE JONG, J.A. 2001. The kingdom of God and modern society. *In die Skriflig*, 35(2): 233-248, Junie.
- DE KLERK, W.J. 2000. Afrikaners: kroes, kras, kordaat? Kaapstad : Human & Rousseau.
- DU TOIT, B. 2000. God? Geloof in 'n postmoderne tyd. Bloemfontein : CLF Uitgewers.
- DUVENAGE, B. 1999. Hoe kan die kerk die postmoderne mens bereik. *Die Kerkblad*, 101(3056):26-28, Maart 24.
- EDGAR, W. 1995. No news is good news: modernity, the postmodern, and apologetics. *Westminster Theological Journal*, 57(2):359-382, Fall.
- GEREFORMEerde KERKE IN SUID-AFRIKA. 1985. Handelinge van die 42ste Nasionale Sinode. Potchefstroom : Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerke.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1999. Deputate insake Bewaring en Vermeerdering van die Kerk. (Rapport wat in Januarie 2000 voor die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke gedien het.) Potchefstroom : Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerke. 22 p. (Ongepubliseer.)

GKSA

kyk Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika

GRENTZ, S.J. 1997. 20th century theology. Downers Grove : Inter Varsity.

HART, A.D. 2001. Counseling the postmodern mind. *Christian Counseling Today*, 9(3):45-48.

HEITINK, G. 1996. De Dominee gaan voorbij. *Gereformeerd Theologisch Tijdschrift*, 96(1):30-35, Februarie.

HENDRIKS, H.J. 1997. Kerklike "megatrends": bedieningsimplikasies. *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 38(1 & 2):27-38, Maart en Junie.

HEYSTEK, P.H. 2000. 'n Prakties-Teologiese ondersoek van die "mekaar"-opdragte in die *Corpus Paulinum* met die oog op kerklike geloofsgemeenskap. Potchefstroom : PU vir CHO. (Th.D. – Proefskrif.)

JACKSON, N. 1999. Kerk is in die kol vir 2000. *Die Beeld*:13, Oktober 7.

JONKER, W.D. 1989. Die eie-aard van die gereformeerde spiritualiteit. *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 30(3):288-299, Julie.

KINGMA, B.R. 2000. Pastorale begeleiding van universiteitstudente in hulle dienswerk as Christene. Potchefstroom : PU vir CHO. (Th.M.-Verhandeling.)

KROEZE, I. 2001. Meeting the buddha on the road – An essay on christian scholarship. *Koers*, 66(40):639-653, Desember.

LE ROUX, A. 2001. Die verband tussen Christelike geloof en eensaamheid tydens laat-adolessensie. *Acta Theologica*, 21(1):83-105, Junie.

LOTTER, G.A. 2000. Versoening en moontlike versoeningsimbole in die hedendaagse Suid-Afrika. *Koers*, 65(2):223-235, Junie.

LOTTER, G. 2001. Bonatuurlike magte: Waarom stel mense so baie belang daarin? *Die Kerkblad*, 104:3117, 26 September.

LYOTARD, J-F. 1984. The postmodern condition: a report on knowledge. Minneapolis, Mn : University of Minnesota Press.

MASWANGANYI, E. 1992. The role of the church in helping to shape a new South Africa. Potchefstroom : PU vir CHO. (Wetenskaplike bydraes, reeks F, no. 292.)

McGRATH, A.E. 1996. A passion for truth. Leicester : Inter-Varsity.

MORELAND, J.P. 2001. A philosophical review of postmodernism for Christian counselors. *Christian Counseling Today*, 9(3):12-15.

NGK

kyk NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK. 1998. Agenda (addendum) van die Algemene Sinode. Pretoria : Sinodale Sentrum van die NG Kerk.

NEL, M. 1998. Jeugbediening. 'n Inklusiewe gemeentelike benadering. Pretoria : RGN.

NEUTJENS, C. 2000. Het Christendom in een postmodern perspectief. *Koers*, 65(3): 281-340, September.

OGEKE, F.J. 1998. 'n Christelike werksetiek in Afrika. *Die Kerkblad*, 101(3043):22-25, September 9.

OLTHUIS, J.H. 1999. Dancing together in the wild spaces of love: postmodernism, psychotherapy, and the Spirit of God. *Journal of Psychology and Christianity*, 18(2):140-152, Summer.

- PRINS, J.M.G. 1997. Postmoderniteit en jeugbediening – Enkele aspekte van 'n paradigmaverskuiwing en die implikasies daarvan vir die kerklike jeugbediening. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 12(2):38-47.
- RAUBENHEIMER, O.S.H. 1997. 'n Profiel van die jeug in Suid-Afrika. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 12(2):48-60.
- RICHARD, D. 1999. Neiging by wittes om hul te onttrek, is gevaaarlik. *Die Beeld*: 10, Julie 27.
- RUNIA, K. 1994. The challenge of the modern world to the Church. *Evangelical Review of Theology*, 18(4):301-313, October.
- SLABBERT, F. van Z., MALAN, C., MARAIS, H., OLIVIER, J., RIORDAN, R. 1994. Youth in the New South Africa. Pretoria : HSRC.
- SMIT, D. 1996. Oor die unieke openbare rol van die kerk. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 36(3):190-204, September.
- SMIT, R. 2001. Work-family spillover revisited: Is there hope for marital happiness in the dual-earner family? *Koers*, 66(4):603-620, December.
- SPYKMAN, G.J. 1992. Reformational theology: a new paradigm for doing dogmatics. Grand Rapids, Mi : Eerdmans.
- THOMPSON, G.G. 2000. Proclaiming the gospel to postmodernists. Potchefstroom : PU vir CHO. (Ph.D.-Proefschrift)
- THOMPSON, G.G. & LOTTER, G.A. 2001. Challenges and opportunities of postmodernity for the church. *Studia Historiae Ecclesiasticae*, 27(1):184-216.
- VAN DER WALT, B.J. 1997. Afrosentries of eurosentries? Ons roeping in 'n multikulturele Suid-Afrika. Potchefstroom : PU vir CHO. (Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO, reeks F2, no. 66.)
- VAN DER WALT, B.J. 1999. Naby God. Christen en kerk op die drumpel van spiritualiteit. Potchefstroom : PU vir CHO. (Instituut vir Reformatoriese studie, reeks F2, no. 74).
- VAN NIEKERK, A. 1998. Postmodernisme en NG sending in die Nuwe Suid-Afrika. *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 39(4):367-378, Desember.
- VAN ROOY, J.A. 1999. The Christian Gospel as a basis for escape from poverty in Africa. *In die Skriflig*, 33(4):235-245, Junie.
- VEITH, G.E. 1994. Postmodern times: a Christian guide to contemporary culture. Illinois : Crossway Books.
- VERGEER, W. 1999. Die Postmodernisme – 'n "gevaarlike reus"? *Die Kerkblad*, 101(3056):12-14, Maart 24.
- VORSTER, J.M. 1993. Die kerk in 'n nuwe konteks. (Referaat gehou tydens interkerklike samesprekings.) Pretoria. 10p. (Ongepubliseer.)
- VORSTER, J.M. 1996. Is die kerk funksioneel? Gedagtes oor Gereformeerde Kerkvernuwing in 'n postmoderne konteks. Potchefstroom : PTP Publikasies.
- VORSTER, J.M. 1999a. 'n Waarskynlike bedieningsmilieu vir die GKSA in die dekades na 2000. *In die Skriflig*, 33(1):99-119, Maart.
- VORSTER, J.M. 1999b. Die ontwikkeling van postmoderniteit. *Die Kerkblad*, 101(3056):10-12, Maart 24.
- WIESE, T. 1998. "Ja vir God, nee vir die kerk". *Insig*, 131:22, November.

Kernbegippe:

lewenskonteks
pastorale begeleiding
postmodernisme

Key concepts:

life context
pastoral guidance
postmodernism